MOOIGENOEG
KAMPTERREIN VAN DIE NG KERK IN DIE VRYSTAAT

Mooigenoeg is aan die noordekant van Bloemfontein geleë, ongeveer 5 km vanaf die Fakkel by die stad se uitgang op Andries Pretoriusstraat. Besoekers uit die noorde op die N1 neem die Andries Pretoriusstraatafrit na Bloemfontein, ***Mooigenoeg*** is so ongeveer 3 km vanaf dié afrit aan die regterkant geleë. Besoekers uit die suide op die N1, neem die Eeufeeswegafrit, volg Eeufeesweg tot by die eerste verkeersirkel, links in Wilcocksweg en dan weer links by die volgende verkeersirkel in Andries Pretoriusstraat. Volg Andries Pretoriusstraat uit die stad in die N1 rigting. ***Mooigenoeg*** is dan ongeveer 5 km uit op dié pad, aan die linkerkant geleë.

Die GPS koördinate is: 29°03'03.35" Suid, 26°15'56.75" Oos.

FASILITEITE:

173 persone kan gehuisves word en twee groepe mense van ongeveer 70, kan gelyktydig geakkommodeer word.

Die slaapeenhede bestaan uit slaapplek vir 3, 4, 7, 8, 10, 12, 16 of 18 persone en beskik hoofsaaklik oor enkel stapelbeddens.

Die badkamers beskik slegs oor storte, wasbakke en toilette. Die groot huis beskik wel oor drie baddens.

Daar is twee aparte, goed toegeruste kombuise, elk met sy eie koelkamer.

BELANGRIK! GASTE MOET HUL EIE BEDDEGOED EN EETGEREI SAAMBRING.

Verder beskik die kampterrein ook oor twee vlugbalbane en 'n groot swembad (1,2 m diep).

Daar is ook 'n groot saal wat ongeveer 250 persone in teaterstyl kan huisves.

Die terrein het ook groot grasperke en talle skaduryke bome.

TARIEWE:

NG Kerkgroepe:	R50 per persoon per nag
Gebruik van kombuis:	R160 per dag of gedeelte van 'n dag
Nie-NG Kerkgroepe:	R90 per persoon per nag
Gebruik van kombuis:	R160 per dag of gedeelte van 'n dag

NAVRAE EN BESPREKINGS:

Mev Marinda Pienaar, NG Kerk Vrystaat, Posbus 399, Bloemfontein, 9300
Tel: **051 406 6700**
E-pos: **marinda@ngkerkovs.co.za**
Faks: **086 502 0814**